

JUNIE 2004
WYSIGING

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

BATEBESTUURSBELEID

**BATEBESTUURSBELEID:
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

INHOUDSOPGAWE

- 1. WOORDOMSKRYWINGS**
- 2. DOELWITTE**
- 3. OMVANG VAN BELEID**
- 4. REKENPLIGTIGE BAMPTE EN ANDER BESTUURDERS**
- 5. VERKRYGING VAN BATES**
- 6. AANDUIDING VAN EIENDOM, AANLEGTE & MASJINERIE
IN DIE FINANSIËLE STELSEL**
- 7. INSTANDHOUDING VAN VASTE BATES**
- 8. OORDRAG VAN BATES**
- 9. VERSEKERING**
- 10. AFSKRYF VAN BATES**
- 11. VERKOOP VAN BATES**
- 12. KORT TITEL**

DIE BATEBESTUURSBELEID BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

AANHEF

Die Munisipale Raad as beskermmer van openbare fondse is verantwoordelik vir beleid wat die verkryging , beskerming en onderhoud van alle bates reguleer.

Hierdie bates moet oor hul leeftyd van gebruik beskerm word en mag aangewend word in die produksie of voorsiening van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes.

1. WOORDOMSKRYWINGS

- 1.1 In hierdie beleid, tensy die samehang anders vereis, het woorde en uitdrukkings die betekenis wat in die Wet daaraan geheg word en het die volgende woorde en uitdrukkings die volgende betekenis:
- (i) *Aangewese bedrag* beteken die bedrag waarteen 'n bate ingesluit word in die balansstaat na aftrekkings van die geakkumuleerde waardevermindering daarvan (ii);
 - (ii) *Ander bates* is bates gebruik gedurende normale ondernemings/bedrywigheede. Voorbeelde is aanlegte en masjinerie, motorvoertuie, meubels en toebehore (xii);
 - (iii) *Beleggingseiendomme* is eiendom wat aangeskaf word vir ekonomiese en kapitaalgroei. Voorbeelde is sakekantoor-terreine, kantoorgeboue en onontwikkelde grond aangeskaf met die doel om dit in die toekoms te herverkoop (xi);
 - (iv) *Billike waarde* is die bedrag waarvoor 'n bate verwissel kan word tussen ingeligte, gewillige partye in 'n ooreenkoms sonder bevoorregting tussen onafhanklike partye (viii);
 - (v) *Eiendom, aanlegte en toerusting* is tasbare bates wat:
 - (a) Deur die munisipaliteit gebruik word vir die produksie of verskaffing van goedere en dienste of om aan ander te verhuur of vir administratiewe doeleindes te gebruik; en
 - (b) Na verwagting gebruik sal word vir meer as een tydperk (xiii);
 - (vi) *Gemeenskapsbates* is bates wat bydra tot die lewensgehalte van die gemeenskap. Voorbeelde is parke, biblioliteke en brandweerstasies (iv);

- (vii) *Hoof-Finansiële Beampte* beteken die beampte van die munisipaliteit aangewys deur die Munisipale Bestuurder ingevolge artikel 80(2) (a) van die Wet (iii);
- (viii) *Infrastruktuur bates* is bates wat deel is van 'n netwerk of soortgelyke bates. Voorbeelde is paaie, waterverspreidingskemas, rioolsuiwering en hooftoevoerpyppe, vervoereindpunte en motorparkeerplekke (x);
- (ix) *Inhirente waarde* is die netto bedrag wat die munisipaliteit verwag om te verkry wanneer 'n bate aan die einde van sy nutstydperk verkoop word, na aftrekking van die koste van vervreemding (xv);
- (x) *Koste* is die bedrag kontant of gelykstaande aan kontant wat betaal is of die billike waarde van 'n ander teengif wat gegee is om 'n bate aan te skaf ten tyde van die aanskaffing of konstruksie daarvan (v);
- (xi) *Kulturele bates* is hulpbronne/bates van kulturele belang. Voorbeelde is kunswerke, historiese geboue en standbeelde (ix);
- (xii) *Nutstydperk* is:
 - (a) Die tydperk waarbinne verwag word dat die bate deur die munisipaliteit gebruik word; of
 - (b) Die aantal produksie of soortgelyke eenhede wat verwag word om van die bate verkry te word, soos bepaal deur die munisipaliteit se Rekenpligtige Beampte (xvi);
- (xiii) *Rekenpligtige beampte* beteken die Munisipale Bestuurder wat aangestel is ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) as die hoof van die administrasie en as rekeningpligte beampte in terme van artikel 55 van die Wet op Plaaslike Bestuur: Munisipale Stelsels 2000 (Wet No. 32 van 2000) en artikel 60 van die Wet (i);
- (xiv) *Verhaalbare bedrag* is die bedrag wat 'n munisipaliteit verwag om terug te vorder deur die toekomstige gebruik van bates, insluitende die inhirente/oorblywende waarde met verkope (xiv);
- (xv) *Waardevermindering* is die sistematiese aanwending van die waardeverminderingsbedrag van 'n bate oor die gebruikstydperk daarvan (vii);

- (xvi) *Waardeverminderingbedrag* is die koste van 'n bate of 'n ander bedrag ter vervanging van koste aangetoon in die finansiële state minus die inhirente waarde (vi);
- (xvii) *die Wet* is die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003). ()

2. DOELWITTE

Die doel van die beleid is om prosedures voor te skryf vir die verkryging, aanduiding, onderhoud, oordrag en versekering van bates.

3. OMVANG VAN DIE BELEID

Die beleid het betrekking op:

- a) Die Rekenpligtige Beampte en ander bestuurders;
- b) Die verkryging van bates;
- c) Die aanduiding van bates;
- d) Die onderhoud van bates;
- e) Die oordrag van bates;
- f) Die versekering van bates; en
- g) Die afskryf van bates.

4. REKENPLIGTIGE BEAMPTEN EN ANDER BESTUURDERS

4.1 Die Munisipale Bestuurder, as Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die bestuur, met inbegrip van die beveiliging en instandhouding van alle bates van die munisipaliteit, op 'n ekonomiese, doeltreffende en effektiewe wyse as volg ingevolg Art. 63 van die Wet:

“Bestuur van bates en laste

63. (1) Die rekenpligtige beampte van 'n munisipaliteit is verantwoordelik vir die bestuur van-

(c) die bates van die munisipaliteit, met inbegrip van die beveiliging en instandhouding van daardie bates; en

(d) die laste van die munisipaliteit.

(2) Die rekenpligtige beampte moet vir doeleindes van subartikel (1) alle redelike stappe doen om te verseker-

(a) dat die munisipaliteit 'n bestuurs-, rekenkundige en inligtingstelsel wat rekenskap gee van die bates en laste van die munisipaliteit, het en in stand hou;

(b) dat die munisipaliteit se bates en laste gewaardeer word ooreenkomstig standarde van algemeen erkende rekenkundige praktyk; en

(c) dat die munisipaliteit beskik oor en die instandhouding behartig van 'n stelsel van interne beheer oor bates en laste, met inbegrip van 'n register van bates en laste, soos wat voorgeskryf word.”

4.2 Die topbestuur van die Munisipaliteit moet die munisipale bestuurder as rekenpligtige beampte bystaan met die batebestuur van die munisipaliteit, soos bedoel in Art. 77 van die Wet.

4.3 Elke senior bestuurder van die Munisipaliteit en elke beampte van die Munisipaliteit wat finansiële bestuursverantwoordelikhede uitoefen moet binne hul onderskeie verantwoordelikhedsgebiede alle redelike stappe doen om te verseker dat die bates van die Munisipaliteit effektief bestuur word en dat die bates beveilig en in stand gehou word, soos bedoel in Art. 78(1)(e) van die Wet.

5. VERKRYGING VAN BATES

5.1 Verkryging van Onroerende Bates:

- 5.1.1 Die munisipaliteit mag onroerende bates verkry deur die koop of huur daarvan binne of buite 'n munisipale gebied.
- 5.1.2 Alvorens finaal besluit word of onroerende bates gekoop of gehuur gaan word, moet die raad sy bedoeling adverteer.
- 5.1.3 Na die oorweging van enige besware, indien ingedien ingevolge 'n kennisgewing bedoel in paragraaf 5.1.2 hierbo, moet die Raad:
 - (a) In die geval van onroerende bates bedoel in paragraaf 5.1.4, voldoen aan die vereistes in daardie paragraaf; en
 - (b) die Raad in geval van ander onroerende bates, finaal besluit of die onroerende bates gekoop of gehuur sal word.
- 5.1.4 Die munisipaliteit sal nie sonder die vooraf goedkeuring van die raad voortgaan om onroerende bates te huur of te koop nie:
 - (a) sulke bates gekoop word teen 'n prys hoër as die markwaarde daarvan soos bepaal deur 'n geswore waardeerder.
 - (b) Wat gehuur word teen 'n huur wat, wanneer dit bereken word per jaar, in die geval van:
 - (i) Onroerende bates gehuur vir landboudoeleindes, 6% oorskry; en
 - (ii) Onroedene bates gehuur vir enige ander doeleindes, 12% of die markwaarde van die eiendom soos bepaal deur 'n waardeerder; of
 - (e) Waar besware aangeteken is ingevolge 'n kennisgewing bedoel in 5.1.2 hierbo.
- 5.1.5 Die bepalinge in die voorafgaande paragrafe is nie van toepassing op die verkryging van onroerende bates van die staat of 'n ander staatsorgaan nie;
Met dien verstande dat:
 - (a) Die koopprys van die onroerende bates wat aangekoop staan te word, of
 - (b) Die huur wanneer bereken per jaar van die onroerende bates wat gehuur te staan te word, nie sodanige bedrae oorskry nie as wat van tyd tot tyd bepaal word deur die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering, wat sodanige bedrae mag bepaal vir verskillende munisipaliteite.

- 5.1.6 Die raad mag 'n skenking of oordrag van onroerende bates ontvang óf in totale eiendomsreg vir die munisipaliteit, maatskappy óf in trust vir 'n liefdadigheid of 'n ander openbare doel wat nie te make het met godsdienstebeoefening nie, ontvang en die bate in trust hou vir die doel soos wat verklaar word deur die skenkers en mag dit administreer, gebruik en verbeter.
- 5.1.7 Die trustees van enige onroerende goed gehou in trust vir enige dorp of nedersetting wat sedertdien 'n munisipaliteit geword het of deel geword het van 'n munisipaliteit mag dit oordra aan die munisipaliteit onderworpe aan spesiale trust in die titelaktes en op voorwaardes wat nie daarmee teenstrydig is nie.

5.2 Verkryging van Roerende Bates:

- 5.2.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die implementering van die verkrygingsbeleid in verband met bates.
- 5.2.2 Alle verkryging van bates moet geskied ingevolge die begrotings- en verkrygingsvoorskrifte.
- 5.2.3 Die bate-register moet gereeld opgedateer word vir alle verkrygings van roerende en onroerende bates.
- 5.2.4 Die bate-register moet ooreengebring word met die totale bates soos dit blyk uit die grootboek en die bronne van befondsing.

6. AANDUIDING VAN EIENDOM, AANLEGTE EN MASJINERIE IN DIE FINANSIËLE STELSEL

- 6.1.1 'n Item "Eiendom, Aanleg en Toerusting" (EAT) moet 'n aanduiding gee van 'n bate teenoor die koste daarvan, indien:
 - (a) die waarde daarvan meer as R10 000,00 is;
 - (b) dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of potensieële diensverskaffing wat met die bate saamhang die munisipaliteit sal toekom; en waarskynlik in die toekoms ekonomiese voordele of potensieële diensverskaffing aanverwant aan die bate tot voordeel tot die munisipaliteit sal oplewer; en
 - (c) die koste van die bate vir die munisipaliteit op 'n betroubare wyse meetbaar is.
- 6.1.2 Bates waarvan die koopprys nie R10 000,00 oorskry nie en wat gefinansier word vanuit enige bron anders as eksterne bronne, sal aangedui word in die bate-register as 'n inventarisitem en sal nie enige waardevermindering dra nie.
- 6.2 'n Eiendom, Aanleg of Toerustingitem wat kwalifiseer vir aanduiding as 'n bate, moet aanvanklik in die register erken word teen die koste daarvan.
- 6.3 Die koste van 'n Eiendom, Aanleg of Toerusting-item behels:
 - (a) Koopprys;
 - (b) Invoerbelasting;
 - (c) Nie-terugbetaalbare koopbelasting; en

- (d) Direk toeskryfbare koste om die bate in 'n werkende toestand te kry vir die doel waarvoor dit aangewend moet word soos die koste van perseelvoorbereiding, afleweringkoste, hanteringskoste, installasiekoste en professionele fooie soos argitekfooie en ingenieursfooie.
- 6.4 Indien betaling vir 'n EAT-item uitgestel word vir langer as die normale krediettermyn, is die koste daarvan die kontantprys-ekiwalent. Die verskil tussen hierdie bedrag en die totale betaling word erken as 'n rente-uitgawe vir die duur van die kredietverskaffing.
- 6.5 Administratiewe en algemene koste is nie 'n komponent van die batekoste nie tensy dit direk toeskryfbaar is aan die verkryging van die bate of om die bate in 'n werkende toestand te kry.
- 6.6 Wanneer 'n EAT-item verkry word om uitgeruil te word of om gedeeltelik uitgeruil te word vir 'n nie-soortgelyke EAT-item of 'n ander bate, word die koste van so 'n item gemeet teen die redelike waarde van die bate ontvang, wat gelyk is aan die billike waarde van die bate aangepas met die bedrag van enige kontant of kontant-ekiwalent oordrag.
- 6.7 Verdere uitgawes
 - (a) Verdere uitgawes in verband met EAT-items wat alreeds gekapataliseer is, moet bygevoeg word tot die drabedrag van die bate, indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of potensiële dienslewering meer sal wees as die oorspronklik-geëvalueerde prestasievlak van die bestaande bate.
 - (b) Alle ander daaropvolgende uitgawes moet erken word as uitgawes in die tydperk waar binne dit aangegaan is.
- 6.8 Herwaardasies
 - (a) Wanneer 'n EAT-item herwaardeer word, moet die hele kategorie van eiendom waarbinne dit sorteer, herevalueer word;
 - (b) Wanneer die drabedrag verhoog word as gevolg van herwaardasie, moet die verhoging gekrediteer word direk tot die onverdeelbare reserwes van die munisipaliteit; en
 - (c) Wanneer die drabedrag van 'n bate verminder as gevolg van waardevermindering, moet sodanige verlaging erken word as 'n uitgawe in die jaarlikse finansiële state.
- 6.9 Afskrywing en wegdoening
 - (a) 'n EAT-item moet van die balansstaat verwyder word by wegdoening of wanneer die bate permanent onttrek word van gebruik en mee weggedoen word en geen toekomstige ekonomiese voordeel of potensiële dienslewering daarvan verwag kan word nie.
 - (b) Winste of verliese voortspruitend uit die afskryf van of wegdoen met 'n EAT-item moet vasgestel word as die verskil tussen die werklike of geskatte netto vervreemdingsopbrengs en die drabedrag van die bate, en moet erken word as inkomste of uitgawes in die balansstate.

6.10

Waardevermindering en Delgingstekorte

- (a) Waardevermindering begin loop aan die einde van die maand wat volg op die maand waarin die bate aangekoop is of waarin die projek voltooi is. Wanneer afgeskryf, loop die waardevermindering tot aan die einde van die maand waarin die bate afgeskryf of verkoop word.
- (b) Voorsiening vir delgingstekorte gedurende die leeftyd van 'n lening wat korter is as die leeftyd van die bate moet in die Bedryfsrekening voorsien word. Nadat die lening gedelg is, moet waardevermindering weer uit hierdie voorsiening teruggeskryf word na die Bedryfsrekening.

7. INSTANDHOUDING VAN VASTE BATES

- 7.1 'n Vaste bate-register moet instandgehou word deur rekord te hou van alle Kategorieë van Eiendom, Aanlegte en Toerusting geklasifiseer onder 'n kategorie van infrastruktuur, gemeenskapseiendom, erefnis kulturele bates, beleggingseiendom en ander bates.
- 7.2 Minstens die volgende besonderhede moet op die Vaste Bate-register verskyn:
 - (a) Datum van aanskaffing;
 - (b) Waar bate geleë is;
 - (c) Bate identifikasienommer;
 - (d) Aankoopprys;
 - (e) Bron van befondsing;
 - (f) Herevaluering;
 - (g) Vervreemding;
 - (h) Verkoopprys; en
 - (i) Waardevermindering.
- 7.3 Die Munisipale Bestuurder moet jaarliks 'n sertifikaat uitreik wat aandui dat oor alle bates verslag gedoen is en dat dit gekontroleer is teenoor die bateregister.
- 7.4 Alle bates moet gedepresieer word oor die tydperk van nuttige gebruik van die bate soos voorgeskryf in aanhangsel A tot Gamap verklaring 113.
- 7.5 Die totale jaarlikse depresiasie soos verkry vanuit die bateregister, moet ingesluit word as 'n koste in die munisipale bedryfsbegroting.

- 7.6 Wanneer vaste bates verkoop word, vervreem word of oorgedra word, of aangeskaf word met goedkeuring van die munisipale raad:
- (a) moet die Vaste bate-register opgedateer word; en
 - (b) moet die joernaalinskrywings verwerk word om die koop, verkoop, oordrag of aanskaffing proses te registreer.
- 7.7 Vaste bates mag ook vervreem word by wyse van openbare veiling of tender.

8. OORDRAG VAN BATES

- 8.1 Wat betref die oordrag van bates moet 'n lys in stand gehou word wat die relevante besonderhede aantoon, in ooreenstemming met die bate-register.
- 8.2 Die lys moet goedgekeur word deur die Hoof van die Departement wat die oordrag bewerkstellig.
- 8.3 Die ontvangende Departement of Administratiewe eenheid moet bevestig dat die lys bates oorgedra is.

9. VERSEKERING

- 9.1 Die Munisipale Bestuurder moet jaarliks, nadat die risiko in ag geneem is, 'n verslag aan 'n Komitee van die Raad voorlê oor die welke bates verseker moet word.
- 9.2 Die risiko-evaluering moet gegrond wees op 'n moontlike verliesanalise. Professionele bystand moet hiervoor verkry word.
- 9.3 Versekering moet of intern óf ekstern plaasvind, en dekking moet gebaseer word op 'n analise oor die moontlikheid van verlies.
- 9.4 Alle versekeringseise moet geëvalueer word deur die Uitvoerende Komitee of die Raad of 'n beampte belas met die verantwoordelikheid om vas te stel of die skade aan die bate geeis kan word van moontlike derde partye.
- 9.5 Alle versekeringseise moet aangeteken word in die versekeringsregister.
- 9.6 Alle uitstaande versekeringseise moet jaarliks oor verslag gedoen word aan die raad.

10. AFSKRYF VAN BATES

- 10.1 Die Munisipale Raad kan 'n bate afskryf nadat daar oorweging gegee is aan 'n verslag van die Munisipale Bestuurder waarin aangedui word dat die;
- (a) nutstydperk van die bate uitgedien is;
 - (b) bate vernietig is;
 - (c) bate verouderd is;
 - (d) bate verkoop is;
 - (e) redes wat aangevoer is en wat aanleiding gegee het tot die omstandighede soos beskryf in paragrawe (a) tot (d), aanvaarbaar is.

- 10.2 Wanneer 'n bate deur omstandighede buite beheer van die Munisipale Raad beskadig of vernietig is moet die Munisipale Bestuurder vasstel of daar derde partye of munisipale amptenare by die omstandighede betrokke was en of die munisipaliteit enige verhaalsreg ten opsigte van sodanige partye of amptenare het.
- 10.3 'n Bate word afgeskryf teen die bate verkope rekening van die munisipaliteit en teen die waarde soos uiteengesit in die bateregister van die Munisipaliteit. Die waarde word verteenwoordig deur die oorspronklike aankoopprys van die bate minus die opgehoopte waardevermindering wat in die interne finansieringsfonds van die Munisipaliteit geakkumuleer is.
- 10.4 Alle bates wat vir afskrywing geïdentifiseer is moet in terme van paragraaf 11 van die hand gesit word.

11. VERKOOP VAN BATES

- 11.1 Alle bates wat vir afskrywing geoormerk is moet per openbare veiling of tender van die hand gesit word nadat die volgende stappe gedoen is:
- (a) 'n kennisgewing van die munisipaliteit se voornemens om die bates van die hand te sit in die plaaslike koerant verskyn het;
 - (b) die munisipaliteit 'n onafhanklike waardeerder aangestel het om 'n minimum verkoopswaarde te bepaal;
 - (c) in die geval van 'n openbare veiling die munisipaliteit 'n onafhanklike afslaer aangestel het om die veiling te behartig;
 - (d) in die geval van 'n tender die nodige tender prosedures van die munisipaliteit nagekom is;

12. KORT TITEL

Hierdie beleid sal bekend staan as die Batebestuursbeleid van die Bergrivier Munisipaliteit.